

**BASIC ASSESSMENT REPORT FOR THE PROPOSED
PROSPECTING IN SEA CONCESSION AREA 14C BY TRANS
ATLANTIC DIAMONDS (PTY) LTD**

Trans Atlantic Diamonds (Pty) Ltd
Office 1603 Portside
4 Bree Street
Cape Town, Western Cape, 8001



TRANS ATLANTIC
DIAMONDS

**Appendix 13:
Pre-Consultation Presentation
and Meeting Minutes**


Anchor Environmental Consultants
8 Steenberg House, Silverwood Close, Tokai, South Africa
www.anchorenvironmental.co.za





VERLOOP VAN VERGADERING

No.	Item
1.	Verwelkoming
2.	"Housekeeping" reëls
3.	Bekendstellings
4.	Doel van die vergadering
5.	Voorlegging
5.1	Agtergrond
5.2	Projek aktiwiteite
5.3	Versagtingsmaatreëls
6.	Vrae
7.	Afsluiting



Anchor Environmental Consultants

Wie

- Onafhanklike Omgewingsmaatskappy
- Suid-Afrika, Afrika en lande Wêreldwyd

Wat

- See, Vleilande, Varswater, Land
- Omgewingsstudies en evaluerings
- Plant- en dieropnames
- Lewensbestaan van gemeenskappe
- Impakstudies: omgewing en gemeenskappe
- Basiese asseseringsprosesse
- Ontwikkeling van omgewingswetgewing en bewaringsprogramme



Trans Atlantic Diamonds



- Gelisensieërde ongeslypte diamanthandelaar
- Sedert 1986
- Onafhanklike, aanlyn diamantverkoopkanaal
- Verbind kopers en verkopers
- Bied 'n verkoopsoplossing vir produsente, klein ambagsmynwerkers en verskaffers
- Goed bekend met meer as 30 jaar ondervinding in die diamantbedryf




Basiese Asseseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C



3

BASIESE ASSESSERINGSPROSES: AANSOEK OM PROSPEKTEERREGTE EN OMGEWINGSMAGTIGING OM TE PROSPEKTEER IN SEEKONSESSIEGEBIED 14C



Basiese Asseseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C



4



SEEKONSESSIEGEBIED 14C



Basiese Asseseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C



5



WAT IS PROSPEKTERING

- Die soek na waardevolle hulpbronne soos diamante of metale
- Eerste stap in mynbouproses
- Bevestig hoeveel van 'n hulpbron in die area is en die kwaliteit
- Bepaal of dit die moeite werd is om in die area te myn



Omgewingsmagtiging
d.m.v. basiese
asseseringsproses

← 1. Aansoek om prospekteerregte ± 1 jaar



2. Prospektering ± 1 – 5 jaar



Omgewingsmagtiging
d.m.v.
Omgewingsimpak
assesering

← 3. Aansoek om mynbou regte ± 1 – 2 jaar



4. Mynbou ± 20 jaar



Basiese Asseseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C



6



PROJEK AGTERGROND

- **Aansoeker:** Trans Atlantic Diamonds
- **Aasoek:** Prospekterregte
- **Bevoegde Owerheid:** Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DHME)
- **Regulasies:** Die Wet op Ontwikkeling van Minerale en Petroleum-hulpbronne
- **Hulpbronne:** Diamante, edelgesteentes, minerale, metale
- **Areas:** Konsessiegebied 14C



Basiese Asseseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C



PROJEK AGTERGROND

Die gebruik van hierdie minerale

Platinum, goud en silwer: katalitiese omsetters; medisyne (kankerbehandeling, rumatoïede artritis, pasaangeërs, tandinplantings, prostese); in IT (selfone, skootrekenaars, rekenaars); om glas te maak en in brandstof

Diamante: motorbedryf om voertuie te maak; in sny- en boorgereedskap; chirurgiese gereedskap en instrumente (x-straalmasjiene, tandartsbore, medisyne, kankerbehandeling, weefselingenieurswese) en IT.

Granate: konstruksiebedryf; in verf en beton

Skaars Aarde Elemente: IT; windturbines en verdedigingstegnologieë

Ilmeniet en rutiel: bronne van titaan en titaanoksied om liggewig, sterk metaal-alloys te vervaardig om onderdele en gereedskap te maak insluitend londerdele vir IT en vliegtuie, sporttoerusting en kunsmatige gewrigte

Sirkoon: high accuracy optics; keramiek en in konstruksiemateriaal

Ystererts: masjinerie, gereedskap, skepe, voertuie, vliegtuie, brûe, geboue en elektriese motors.



Basiese Asseseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C





PROJEK AGTERGROND

- **Vereis:** Omgewingsmagtiging
- **Regulasies:** Omgewingsimpak-assesseringsregulasies
Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur
- **Metode:** Basiese Assesseringsproses
- **Resultate:** Basiese assesseringsverslag (BAR)
- **Wie:** Onafhanklike Omgewingsassesseringspraktisyn (EAP)
Anchor Environmental Consultants



Basiese Assesseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C



BASIESE ASSESSERINGSPROSES

- Stap 1:** Indien van aasoeke om prospekterregte en omgewingsmagtiging
- Stap 2:** Belanghebbendes registreer en lewer aanvanklike kommentaar
- Stap 3:** Impakstudies
- Stap 4:** Saamstel van verslag met resultate
- Stap 5:** Sirkuleer Konsep BAR vir amptelike 30-dae kommentaar tydperk
- Stap 6:** Openbare Deelname Vergadering
- Stap 7:** Kommentaar word aangespreek en vorm deel van die finale verslag
- Stap 8:** Dien finale BAR by die DMHE in
- Fase 9:** Besluit deur die DMHE binne 107 dae



Basiese Assesseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C






AKTIWITEITE



1. Geofisiese Opname

- “Multibeam Echo Sounder” en Topas “Sub-Bottom Profiler”
- Klankgolwe word na seebodem gestuur
- Seine bons terug na die ontvanger
- Om 'n beeld van die seebodem te skep
- Rotstipes van belang identifiseer
- Toepaslike boormetode, boorterreine en ontwerp van mynbouvaartuig





Basiese Assesseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C



AKTIWITEITE

- Beelde wat geskep word deur Multibeam Echo Sounder en TOPAS Sub Bottom Profiler



Basiese Assesseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C





AKTIWITEITE


2. Van Veen Grab (grypmoesters):

- Klein seediertyjies (wurms, mossels en krappies) op en in seevloer te ID
- Monitor omgewing en enige verandering



3. Kernmonsters:

- Vibracore, Gravity Core, Sonic Core
- Dring seevloer binne
- Versamel grondmonsters
- Inligting oor struktuur van seevloer
- Ontwerp van boorwerktuig & mynbouvaartuig



4. Boor:


- Teikenareas to ID en te ondersoek
- Grawe grond uit seabodem
- Grondmateriaal word op vaartuig verwerk
- Uitskot sal oorboord gegooi word
- Ontwerp van die mynbouvaartuig



VERSAGTINGSMAATREËLS

- Neem “Marine Mammal and Seabird Observer (MMSO)” aan diens
- Gebruik “Passive Acoustic Monitoring (PAM)”
- Stel skakelbeampte aan as tussenganger tussen belanghebbendes en TAD
- Doen opnames wanneer visvangpogings laag is en buite soogdier migrasieseisoen
- Beperk vaartuigspoed (moet nie 12 knope (22 km/uur) oorskry nie)
- Ontwikkel 'n afvalbestuursplan
- Personeel moet omgewings- en erfenishulpbronbewustheidsopleiding ondergaan
- Voldoen aan alle relevante wetgewing, regulasies en riglyne
- Bewaar enige fossiele, organiese materiaal of skeepswrakke wat gevind word en stel die South African Heritage Resources Agency (SAHRA) in kennis

Dankie!



Basiese Assesseringsproses – Prospektering: Konsessie 14C



Doringbaai Pre-Consultation Meeting

Miriam Owies Community Hall

11 March 2022 18:00 – 21: 00





Stakeholder Meeting Attendance Register
 Date: Friday, 11 March 2022 Time: 18:00-20:00 Venue: Miriam Owies Community Hall Doringbaai

Please Note: For the Symptoms Category please answer Yes (Y) or No (N) as to whether you have the symptoms (S) listed on the COVID sheet and also please list your temperature (T) upon arrival

Name	Contact Email/Tel	Organisation	Symptoms Y/N	Sign
[Redacted]	[Redacted]	Sisterhood	S: No T: 36.2	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]	Coastal Links	S: No T: 36.0	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]	Coastal/Vissenw	S: 36.2	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]	Concerned	S: 36.4	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]	IAP	S: 36.2	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]	Fishes Felt Water	S: 36.7	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]		S: 36	M. Jacobs
[Redacted]	[Redacted]	Fishes Felt Water	S: 36.1	S Blunkenberg
[Redacted]	[Redacted]	Green Connection	S: 36.7	D McQueen
[Redacted]	[Redacted]	JFF Disney	36.	[Signature]



Stakeholder Meeting Attendance Register
Date: Friday, 11 March 2022 **Time:** 18:00-20:00 **Venue:** Miriam Owies Community Hall Doringbaai

Please Note: For the Symptoms Category please answer Yes (Y) or No (N) as to whether you have the symptoms (S) listed on the COVID sheet and also please list your temperature (T) upon arrival

Name	Contact Email/Tel	Organisation	Symptoms Y/N	Sign
[Redacted]	[Redacted]	Nearshore	S: 36.5 T: N	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]	COMW.	S: 36.8 T:	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]	ubuntu local 9	S: 36.5 T: N	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]	SSP	S: 36.3 T:	[Signature]
[Redacted]	[Redacted]		S: T:	
[Redacted]	[Redacted]		S: T:	
Apologies				
NDPWI - Received		a week prior to	S: meeting T:	
->Not sufficiently informed well in advance			S: T:	
			S: T:	
			S: T:	



**AANSOEK OM PROSPEKTEERREGTE EN OMGEWINGSMAGTIGING OM TE PROSPEKTEER IN
SEEKONSESSIEGEBIED 14C, LANGS DIE WESKUS DEUR TRANS ATLANTIC DIAMONDS**

Datum: 11 Maart 2022 **Tyd:** 18:00 – 20:00

Lokaal: Miriam Owies Gemeenskapsaal, Doringbaai, Wes-Kaap

Voorsitter en aanbieder: Cheruscha Swart – Anchor Environmental Consultants (Pty) Ltd

Bystand: Simone Louw – Anchor Environmental Consultants (Pty) Ltd

Omgewingsassesserings-praktisyn: Dr Kenneth Hutchings – Anchor Environmental Consultants (Pty) Ltd

MINUTE VAN DIE OPENBARE VERGADERING

AFKORTINGS

Anchor	Anchor Environmental Consultants (Die Omgewingsassesserings-konsultante)
BAR	Basic Assessment Report – Basiese Assesseringsverslag
B&GPe	Belanghebbende en Geaffekteerde Partye
DFFE	Department of Forestry, Fisheries and the Environment – Department van Bosbou, Visserye en die Omgewing
DMHE	Department van Minerale Hulpbronne en Energie
EAP	Environmental Assessment Practitioner – Omgewingsassesserings-konsultante
TAD	Trans Atlantic Diamonds (Die aansoeker)

ALGEMENE OPMERKINGS

- Soos deur die regering vereis, is COVID-19-protokolle nagekom. By aankoms is deelnemers gevra om die algemene Covid-19 vraelys te laat voltooi, hulle hande te ontsmet, seker te maak dat maskers gedra word, hulle temperatuur te neem en ver genoeg uitmekaar te sit.
 - Cheruscha Swart, 'n omgewingskonsultant by Anchor Environmental Consultants (Pty) Ltd (Anchor), het almal verwelkom en die vergadering gelei.
 - Simone Louw, ook 'n omgewingskonsultant by Anchor, het tegniese bystand gelewer en die minute van die vergadering geneem.
 - Die vergadering is bygewoon deur 14 belanghebbendes.
 - 'n Voorlegging is deur Cheruscha gelewer.
 - Verskeie onderwerpe is bespreek, en deelnemers is na die aanbieding die geleentheid gebied om vrae te vra en kommentaar te lewer.
 - Die gemeenskap het dit duidelik gemaak dat hulle teen die projek gekant is. Hulle is veral bekommerd oor die impak wat prospektering op hulle lewensbestaan, die omgewing en toekomstige generasies sal hê.

Die verloop van die vergadering was as volg:

1. Verwelkomings
2. “Housekeeping” reëls
3. Doel van die vergadering
4. Bekendstellings
5. Voorlegging
 - 5.1 Projek Agtergrond
 - 5.2 Voorgestelde prospekterings-aktiwiteite en Tegnologie
 - 5.3 Versagtingsmaatreëls
6. Breuk
7. Vrae
8. Afsluiting

1. VERWELKOMINGS

Me. Swart het almal om 18:15 verwelkom en wou die vergadering begin, maar die deelnemers het gesê dat daar nog 'n paar mense is wat oppad is. Daar is tot ongeveer 18:30 gewag vir nog enige belanghebbendes. Me. Swart en Me. Louw het intussen 'n informele gesprek met die mense gehad.

Me. Swart het intussen gevra of enigiemand by die vergadering nie Afrikaans kan verstaan nie. Die deelnemers het geantwoord dat die meerderheid mense daar by die vergadering Afrikaans is en dat sy maar Afrikaans kan praat. Me. Swart het gevra dat, terwyl hulle besig was om vir die res van die mense te wag, die deelnemers asseblief solank na die vraelys kyk en invul. Hoe gouer die vraelyste ingevul en teruggestuur word, hoe beter, aangesien dit Anchor meer tyd gee om die vrae te beantwoord en in die verslag te inkorporeer. Sy het ook gevra dat hulle asseblief enige mense en organisasies van belang wat definitief gekontak moet word, se name en kontakbesonderhede moet neerskryf, sodat die nodige inligting rakende die prospektering en openbare vergadering aan hulle gestuur kan word en hulle insette rakende die prospektering ook in ag geneem kan word.

Van die belanghebbendes het gevra of hulle dalk meer tyd kan kry om vraelyste in te vul. Aangesien nie al die mense by die vergadering is nie, wil hulle ook graag die vraelyste aan die ander mense stuur om in te vul. Dan wil hulle al die vraelyste bymekaar maak en op een slag saam na Anchor toe stuur. Die versoek is toegestaan en die gemeenskap is herinner dat die afsnydatum vir die inhandiging van die vraelyste 17 Maart 2022 is, aangesien 'n verslag nog saamgestel en op 22 Maart 2022 aan die DMHE gestuur moet word.

Daar het in totaal slegs 14 mense opgedaag. Die vergadering is amptelik om 18:30 begin.

2. "HOUSEKEEPING" REËLS

Deelnemers is die volgende gevra:

- Om seker te maak dat hulle die nodige dokumente by die ingang van die saal geteken het. Dit sluit die Covid-19 vraelys en bywoningsregister vir die vergadering in.
- Om die vraelys rakende die prospekterwerk in te vul, of kommentaar te lewer op hulle metode van keuse en die vrae/kommentaar daarna terug te stuur aan Anchor deur 'n metode van hulle keuse te gebruik (bv. per epos, telefonies of pos).
- Om alle vrae en kommentaar asseblief tot die einde van die voorlegging te hou.

- Om aan Covid-regulasies te voldoen en hulle maskers aan te hou.
- Om hulle selfone af te skakel om onderbreukings te vermy.

3. DOEL VAN DIE VERGADERING

Om aansoek te doen om prospekterregte moet omgewingsmagtiging ook verkry word. Die omgewingsmagtiging gee dan die aansoeker (prospekteerders) die reg om sekere aktiwiteite wat gepaard gaan met prospektering, uit te voer. Om omgewingsmagtiging te verkry, moet 'n Basiese Assesseringsproses uitgevoer word. Dit sluit in, onder andere, 'n assessering van die potensiële impakte van prospektering in daardie gebied, en ook 'n Openbare Deelnameproses en vergadering waartydens die gemeenskap hulle insette kan lewer en vrae kan vra oor die proses. Daar word ook 'n "Pre-Consultation" vergadering met die gemeenskappe gehou voor die spesialis- en impakstudies uitgevoer word. Die doel is om die gemeenskappe en ander geïnteresseerde en geïmpakteerde partye in kennis te stel van die projek en geassosieerde aktiwiteite en sodoende die gemeenskap se insette daarvoor te kry en vrae te beantwoord sodat hierdie in ag geneem kan word tydens die impakstudies. Die "Pre-Consultation" word ook as 'n geleentheid gebruik om kontakbesonderhede van ander belangrike gemeenskapvertegenwoordigers en organisasies te kry om hulle in kennis te stel van die proses en toekomstige openbare deelname proses. Al hierdie inligting en bevindings word dan saam met die vrae en kommentaar van die belanghebbendes in 'n verslag saamgestel en aan die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE) voorgelê. Lede is ingelig dat hierdie die Pre-Consultation meeting is en nie die amptelike openbare vergadering nie.

4. BEKENDSTELLINGS

Anchor Environmental Consultants is voorgestel as die Onafhanklike Omgewingsmaatskappy wat deur die aansoeker, Trans Atlantic Diamonds, aangestel is om 'n Basiese Assesering van die voorgestelde aktiwiteite uit te voer. Anchor doen werk reg oor Suid-Afrika en ook in verskeie lande in Afrika en Wêreldwyd. Hulle werk sluit onder andere in omgewingsstudies en evaluering, plant- en diëropnames, vissensusse, studies rakende die lewensbestaan van gemeenskappe, impakstudies vir beide die omgewing en gemeenskappe, Basiese Assesseringsprosesse en die ontwikkeling van omgewingswetgewing en bewaringsprogramme. Hulle studies fokus op verskeie habitate insluitende die see, vleilande, varswater en landelike gebiede.

Trans Atlantic Diamonds is voorgestel as die aansoeker. Hulle is 'n gelisensieerde, ongeslypte diamanthandelaar wat al sedert 1986 in die diamantbedryf betrokke is. Hulle is 'n onafhanklike, aanlyn diamantverkoopkanaal wat kopers en verkopers met mekaar verbind en 'n

verkoopoplossing vir produsente, klein ambagsmynwerkers en verskaffers bied. Hulle is goed bekend in die diamantbedryf en het meer as 30 jaar ondervinding.

5. VOORLEGGING

Die doel van die voorlegging is om meer inligting oor die Basiese Assesseringsproses, prospekterwerk, potensiële impakte en versagtingsmaatreëls aan die gemeenskap te gee. Dit sal belanghebbendes in staat stel om die projek beter te verstaan en so betekenisvolle kommentaar te lewer. Die volgende onderwerpe is bespreek:

- Agtergrond van die projek
- Projek aktiwiteite
- Versagtingsmaatreëls

5.1. PROJEK AGTERGROND EN INLEIDING TOT DIE BASIESE ASSESSERINGSPROSES

’n Kaart van konsessie gebied 14C, wat aandui waar langs die kus die voorgestelde prospekterwerk gaan gebeur, is getoon. Konsessiegebied 14C strek vanaf net Noord van Doringbaai, suidwaarts tot net suid van Groothoekbaai. Hierdie is ’n “Offshore” konsessiegebied wat dus in die see geleë is. Die kusgrens of oostelike grens (grens naaste aan die kus) is ongeveer 5 km (2.7 seemyl) wes van die hoogwatermerk geleë. Die konsessiegebied is dus nie op land of in die “intertidal” of tussengety-area geleë nie. Hierdie 5 km-punt is ongeveer 70m diep. Die C-konsessie strek weswaarts van hierdie punt af tot by 200 m waterdiepte.

- **Wat is prospektering:**

Prospektering is die soek na waardevolle hulpbronne soos diamante of metale en die eerste stap in die mynbouproses. Dit is belangrik om in ag te neem dat dit nie mynbou is nie. Die doel van prospektering is om die kwantiteit en kwaliteit van ’n hulpbron in ’n area vas te stel. Hierdie inligting word dan gebruik om te bepaal of dit ekonomies haalbaar is om in die toekoms in daardie area te myn. Mynbougereedskap, mynbouvaartuie en die arbeid beloop baie geld. Dit is daarom belangrik dat daar eers goed ondersoek ingestel word voor enige mynbou kan begin.

- **Die proses wat gevolg moet word voor mynbou mag begin is 'n lang proses. Die stappe is as volg:**

1) Aansoek om prospekterregte

Die aansoek om prospekterregte kan ongeveer 'n jaar neem. Prospekterregte kan slegs verkry word deur aansoek te doen om omgewingsmagtiging. Dit kan weer slegs verkry word deur 'n Basiese Assesseringsproses uit te voer.

2) Prospektering

Indien prospekterregte en omgewingsmagtiging toegeken word, is die volgende stap die prospektering self. Prospekterregte word vir 'n tydperk van vyf jaar toegeken alhoewel dit verleng kan word tot agt jaar. Die prospekterwerk self kan enigiets vanaf 'n paar maande tot 'n paar jaar neem om te voltooi.

3) Aansoek om mynbouregte

As die aansoeker besluit het dat hy wel in 'n area wil myn, is die volgende stap die aansoek om mynbouregte. Weereens moet daar eers aansoek gedoen word om omgewingsmagtiging. Die proses wat gevolg moet word is nie 'n Basiese Assesseringsproses nie, maar 'n Omgewingsimpak Assesseringsproses. Hierdie proses is meer ingewikkeld as dié van 'n Basiese Assesseringsproses en neem ook langer, d.w.s. ongeveer twee jaar.

4) Mynbou

Mynbouregte word gewoonlik vir ongeveer 20, 25 of 30 jaar toegeken. Mynboumaatskappye kan ook besluit om die mynbou vroeër te staak as die hulpbron begin verminder.

- **Projek Agtergrond:**

- Die aansoeker is Trans Atlantic Diamonds . Hulle doen aansoek om prospekterregte.
- Om te kan prospekter, en aansoek te doen om prospekterregte, moet daar ook aansoek gedoen word om omgewingsmagtiging (toestemming) om sekere aktiwiteite uit te voer wat met prospektering gepaard gaan.
- Die regeringsdepartement verantwoordelik vir die goedkeur van hierdie regte en aktiwiteite is die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DHME). Die DMHE het meer as een afdeling of "branches". Een van die afdelings werk met die aansoek om prospekterregte en een afdeling met die aansoek om omgewingsmagtiging.

- Om omgewingsmagtiging te verkry moet die potensiale impakte van prospektering op die omgewing eers geassesseer word en die publiek se insette verkry word deur 'n konsultasie proses. Hierdie hele proses word 'n Basiese Asseseringsproses genoem.
- Die resultate van hierdie proses word in 'n verslag saamgesit en word 'n Basiese Asseseringsverslag genoem. In Engels staan dit as 'n Basic Assessment Report bekend en word daar kortliks daarna verwys as 'n "BAR".
- Hierdie proses word deur die Onafhanklike Omgewingsasseseringskonsultant, of soos dit in Engels bekend staan "Environmental Assessment Practitioner", uitgevoer. Daar word kortliks na die persoon as die "EAP" verwys. In die geval van hierdie aansoek is Anchor Environmental Consultants die EAP.
- Die wette en regulasies wat hier van toepassing is sluit in:
 - Die Wet op Ontwikkeling van Minerale en Petroleum-hulpbronne;
 - Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur' en
 - Die Omgewingsimpak-asseseringsregulasies.
- Trans Atlantic Diamonds beoog om vir diamante, edelgesteentes, minerale en metale te prospekter in seekonsessiegebied 14C.

- **Die Basiese Asseseringsproses**

Daar is kortliks beskryf hoe 'n Basiese Asseseringsproses werk:

Stap 1: Dien aansoeke om prospekterregte en omgewingsmagtiging by die DMHE in.

Stap 2: Stel 'n lys van potensiële belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GPe) saam en nooi hulle uit om te registreer as B&GPe vir die projek. Stel 'n lys van geregistreeerde B&GPe saam en stel hulle in kennis dat die aansoeke ingedien is. B&GPe kry gedurende hierdie tyd die geleentheid om aanvanklike kommentaar op die aansoek te lewer.

Stap 3: Onafhanklike spesialiste word aangestel en voer impakstudies uit.

Stap 4: Die EAP stel 'n Kosep BAR saam. Die BAR sluit die volgende in: 'n beskrywing van die omgewing, voorgestelde aktiwiteite, potensiële impakte daarvan op die omgewing en gemeenskap, versagtingsmaatreëls om die impakte te verminder en 'n Omgewingsbestuursprogram (EMPr).

Stap 5: Die EAP stel die Konsep BAR gedurende die amptelike 30-dae Openbaredeelname proses aan die publiek beskikbaar vir nasien en kommentaar lewer.

Stap 6: 'n Openbare Deelnamevergadering word deur die EAP gereël en aangebied. B&GP word genooi om dit by te woon.

Stap 7: Enige kommentaar wat ontvang word word aangespreek en vorm deel van die Finale BAR. Enige kommentaar wat ontvang word word ook gebruik om aanbevole versagtingsmaatreëls en die Omgewingsbestuursprogram te bepaal.

Stap 8: Die Finale BAR word by die DMHE ingedien vir nasien.

Stap 9: Die DMHE moet binne 107 dae besluit of omgewingsmagtiging en prospekterregte toegeken of verwerp gaan word. B&GPe kan binne 14 dae appél aan teken as hulle nie met die besluit van die DMHE gelukkig is nie.

5.2. DIE VOORGESTELDE PROSPEKTERINGSAKTIWITEITE EN TEGNOLOGIE

Die gebruik van hierdie minerale in vandag se samelewing

Volgende is die gebruik van hierdie minerale in die alledaagse lewe bespreek.

Goud, platinum, silwer, diamante, ander edelstene, en ander edelmetale word nie net in die vervaardiging van juweliersware gebruik nie, maar ook in verskeie ander gebiede. Dit word algemeen gebruik in moderne medisyne (behandeling van kanker, rumatoïede artritis en ander siektes, pasaangeërs, tandheelkundige inplantings, prostese), inligtingstegnologie (selfone, skootrekenaars, rekenaars), die motorbedryf, die konstruksie van masjinerie, gereedskap, skepe, voertuie, vliegtuie, brûe, geboue en elektriese motors) en om glas en brandstof te maak. Diamante is ook 'n belangrike kommoditeit in die wêreld ekonomie. Die bedryf het gegroei van ongeveer 1 miljoen karaat in die laat 1800's tot 176,7 miljoen karaat in 2005 en word nou as 'n miljard-dollar-industrie beskou. Dit word as belangrik geag vir Suid-Afrika se ekonomie.

Voorgestelde aktiwiteite

Volgende is die voorgestelde aktiwiteite van die prospektering bespreek.

- **1. Geofisiese opname**

- 'n "Multibeam Echo Sounder" en "Topas Sub-bottom Profiler" gaan gebruik word om die geofisiese aktiwiteit uit te voer. Klankgolwe (of seine) word na seebodem gestuur. Hierdie klankgolwe bors dan terug na die ontvanger en skep 'n beeld van die seebodem. Die inligting word gebruik om rotstipes te identifiseer en ook om die toepaslike boormetode, boorarea en ontwerp van die mynbouvaartuig te bepaal.
- Die beelde wat deur dié opname geskep word word verder gebruik om teken areas of areas wat vermy moet word, soos riewe, te identifiseer.
- Beelde wat geskep word deur die Multibeam Echo Sounder en Topas Sub Bottom Profiler is op die skyfie getoon.

- **2. Van Veen Grabs (grypmesters):**

Hierdie aktiwiteit word voor enige ander sampling uitgevoer. 'n Instrument genaamd 'n Van Veen Grab word gebruik om grondmonsters of "samples" te versamel. Dié monsters word geneem om vas te stel watter klein seediertyes soos wurms, mossels en krappies in en op die seevloer leef. Die inligting word gebruik om 'n basislyn van die ekologiese omgewing te vestig voor enige prospektering begin. Opnames word gewoonlik jaarliks, gedurende prospekterwerk en mynbou, uitgevoer. Die resultate word dan met mekaar en met dié van die basislyn opname vergelyk om te bepaal tot watter mate die omgewing gedurende die prospektering en mynbou verander het.

- **3. Kernmonsters:**

'n Vibracore, Gravity Core en Sonic Core word gebruik vir hierdie aktiwiteit. 'n Core lyk amper soos 'n stuk pyp. Dit dring die seevloer binne en versamel grondmonsters. Dit verskaf inligting oor die struktuur van die seevloer. Dié inligting word gebruik om die ontwerp van die boorwerktuig & mynbouvaartuig te bepaal en ook areas waar daar in die toekoms gemyn kan word, te identifiseer.

- **4. Boor:**

Grondmonsters gaan ook versamel word deur gebruik te maak van 'n spesiale boortoestel. Die grondmateriaal word op die vaartuig verwerk en uitskot sal in spesiale aangewysde areas oorboord gegooi word. Hierdie inligting sal gebruik word om die ontwerp van die mynbouvaartuig te bepaal en tekenareas vir toekomstige mynwerk te identifiseer en te ondersoek.

5.3. VERSAGTINGSMAATREËLS

Daar is verskeie versagtingsmaatreëls wat deur die aansoeker geïmplementeer moet word en deel sal vorm van die Omgewingsbestuursprogram. Dit is wetlik verpligtend vir die aansoeker om die Omgewingsbestuursprogram te implementeer.

Hierdie sluit onder ander die volgende in:

- Neem 'n "Marine Mammal and Seabird Observer (MMSO)" aan diens om soogdiere in die omgewing te identifiseer en sodoende te vermei;
- Gebruik "Passive Acoustic Monitoring (PAM)" om soogdiere in die omgewing te identifiseer en sodoende te vermei;
- Stel 'n skakelbeampte aan as tussenganger tussen die gemeenskap en Trans Atlantic Diamonds om sodoende belangrike visvanggebiede en seisoene te vermei;
- Doen opnames wanneer visvangpogings laag is en buite soogdier migrasieseisoen;
- Beperk vaartuigspoed (moet nie 12 knope (22 km/uur) oorskry nie);
- Ontwikkel 'n afvalbestuursplan;
- Personeel moet omgewings- en erfenis bewustheidsopleiding ondergaan;
- Voldoen aan alle relevante wetgewing, regulasies en riglyne; en
- Bewaar enige fossiele, organiese materiaal of skeepswrakke wat gevind word en stel die South African Heritage Resources Agency (SAHRA) in kennis.

6. KORT BREUK

Na die voorlegging was daar 'n 12-minute breuk voor die vloer geopen is vir vrae.

7. VRAE EN KOMMENTAAR

Die deelnemers is bedank dat hulle na die voorlegging geluister het en die vloer is oopgemaak vir vrae en kommentaar.

Cheruscha het ook gevra vir insette vanaf die gemeenskap in terme van wat hulle wil hê in ag geneem moet word deur die spesialiste en die EAP, watter belangrike organisasies en mense gekontak moet word en wat hulle wil hê Anchor moet doen van hulle kant af.

Daar is vir die deelnemers toestemming gevra of hulle op bandopname opgeneem mag word. Hulle het ingestem.

Deelnemers is gevra om hulle self en hulle organisasie voor te stel.

Let asseblief daarop dat baie van die vrae tydens die vergadering dieselfde was en as sulks is baie vrae hieronder saam gegroepeer. Die antwoorde, soos hieronder deurgegee, is wat tydens die vergadering deurgegee is. Meer oomvattende antwoorde sal in die Konsep (draft) BAR voorsien word.

Vraag/ kommentaar	Antwoord
<p>Deelnemer 1 – Stakeholder 396 Organisasie: Green Connection & Ubuntu Rural Youth Movement Boorling van Doringbaai en 'n Weskus kind</p> <ol style="list-style-type: none">1. Die manier hoe julle dit gereël en geadverteer het is verkeerd. Die wet vereis dat daar genoeg kennis gegee moet word, soos bv. Plakkate, koerant, radio. Op grond daarvan eis ons as gemeenskap dat hierdie vergadering slegs 'n inligting sessie is en nie 'n Pre-consultation nie.2. Wie het julle almal gekontak om hierdie vergadering te reël?3. Julle sê dat die aansoeker wil bepaal of dit die regte area is om te myn. Hoe weet die aansoeker of 14C die regte area is om te myn en hoekom vind ons nou eers in so 'n kort tydperk van hierdie vergadering uit? Hoe lank weet julle al van hierdie aansoek.	<ol style="list-style-type: none">1. Pre-Consultation is die begin van die proses. Ons stuur die aansoek in en die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE) het 2 weke tyd om dit na te sien en te besluit of dit aanvaar of verwerp moet word. Sodra die departement die aansoek aanvaar het die EAP 30-dae om die belanghebbendes in kennis te stel van die aansoek en 'n konsultasie te reël met die gemeenskap en ander belanghebbendes. Die doel van die Pre-Consultation is om die gemeenskappe en ander geïnteresseerde en geaffekteerde partye in kennis te stel van die projek en geassosieerde aktiwiteite en sodoende die gemeenskap se insette daarvoor te kry en vrae te beantwoord sodat hierdie in ag geneem kan word tydens die impakstudies. Die "Pre-consultation" word ook as 'n geleentheid gebruik om kontakbesonderhede van ander belangrike gemeenskapvertegenwoordigers en organisasies te kry om hulle in kennis te stel van die proses en toekomstige openbare deelname proses. <p>Al hierdie inligting en bevindings word dan saam met die vrae en kommentaar van die belanghebbendes in 'n verslag saamgestel en aan die DMHE voorgelê. Lede is ingelig dat hierdie die Pre-consultation meeting is en nie die amptelike openbare vergadering nie</p> <p>Die publieke vergadering gaan nog behoorlik geadverteer word. Ons wil graag hê dat julle vir ons voorstelle hiervoor moet gee. Bv. Adverteer op die radio. Ons gaan nog die vergadering en proses een tot twee weke voor die tyd in die koerante adverteer.</p> <p>Ons het reeds plakkate laat maak wat ons vandag en more in Doringbaai, Papendorp, Ebenhaeser, Koekenaap, Strandfontein en Lutzville gaan opsit om die gemeenskap van die proses en vergadering te laat weet. Hierdie is die begin van die proses. Die Departement het 21 Februarie 2022 die aansoek aanvaar en Anchor is 24 Februarie daarvan in kennis gestel.</p>

	<p>Ons het die week daarna gemeenskapsleiers/ verteenwoordigers begin kontak om te vra dat hulle ons help om die gemeenskap in kennis te stel van hierdie Basiese Assesseringsproses en vandag se vergadering.</p> <ol style="list-style-type: none"> 2. Ons het die mense gekontak wie aan ons voorgestel is deur die regering, sekere organisasies en ander gemeenskapverteenwoordiges. Dit is baie moeilik om kontakbesonderhede in die hande te kry en is waarom ons hier is en eers 'n aanvanklike vergadering hou om mense te ontmoet en ook kontakbesonderhede in te samel. Hierdie vergadering is dus die beginpunt. 3. Die aansoeker weet nog nie of dit die regte area is om te myn nie en is waarom hulle eers om prospekterregte aansoek doen om te prospekter. Hulle neem dus grond monsters of samples wat dan deur spesialiste geanaliseer word om te bepaal watter minerale/ metale/ edelgesteentes in konsessie area 14C voorkom en wat die kwaliteit en kwantiteit daarvan is. Dit sal bepaal of dit in die toekoms die moeite werd sal wees om in die area te myn.
<p>Deelnemer 2 Organisasie: Inwoner</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Ons gaan dus nie nou die vraelyste in vul nie? 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ons wil graag hê dat julle nou die vorms moet invul sodat ons die nodige inligting kan kry oor wie om te kontak en wat om in ag te neem vir die impakstudies. Ons vra dat julle ten minste vir ons kontakbesonderhede van die belangrikste organisasies en belanghebbendes gee. Die rede hoekom ons hier is is om aanvanklike kommentaar by julle te kry. Ons wil graag by julle hoor watter visserye julle dink geimpak gaan word en watter inligting julle wil hê ons in ag moet neem. Wat wil julle sien gebeur en wil julle hê moet die omgewingskonsultant in ag neem en doen?
<p>Deelnemer 3 - Stakeholder 305 Organisasie: Youth Leader</p> <p>Wat hier gaan gebeur raak my en ons almal en is waarom ons belangstel om hier te wees.</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Soos ons dit verstaan is u is aangestel om die job vir 'n maatskappy te doen namens hulle. As ons julle aangestel het sou julle die omgewingsassessering vir ons gedoen het. Julle word 	<ol style="list-style-type: none"> 1. In sekere ander lande soos Djiboutie is die regering verantwoordelik vir die kostes van die impakstudies en die omgewingskonsultante. Ongelukkig het die Suid-Afrikaanse regering nie begroting om die kostes van sulke studies te dra nie. Verder kan daar ook nie van die gemeenskap verwag word om hierdie kostes te dra nie. Dit is net regverdig dat dit die maatskappy wat wil kom prospekter, se verantwoordelikheid is om enige kostes te dra, insluitende die betaal van 'n omgewingsmaatskappy om impakstudies te doen en insette vanaf die gemeenskap te kry. <p>Neem ook kennis dat omgewingsassessering-konsultante wetlik verplig is om onafhanklik op te tree tydens hierdie studies. Daar word dus van hulle vereis om 'n verklaring te teken</p>

deur hulle betaal en vir hierdie betaling moet julle resultate gee wat in hulle guns tel.

2. Die feit dat hulle aansoek gedoen het vir prospekterregte in konsessie 14C wys dat hulle reeds weet wat hier voorkom. Ons weet want ons sien hier is navorsingsskuite wat kom ondersoek instel. Ongelukkig kan ons net nie die name van die skuite sien nie en weet ons dus nie wie die maatskappy is nie. Ons weet wat hulle hier soek. Ons het nou nie sonars/ lasers wat die area kan scan nie, maar ons weet hoe prospektering werk en doen ook selfs soms prospektering. Ons dra dus kennis van wat hier voorkom en wie in ons area inkom om te kom ondersoek instel.
3. Ons will nie hê die proses moet aangaan nie. Dit is duidelik dat die bestuurders van hierdie maatskappy arrogant is, want hulle weet dat die gemeenskap en die meerderheid mense teen hierdie proses is, en tog gaan hulle voort daarmee. Neem hulle die gemeenskap in ag? Dit lyk nie of ons op hulle kan staatmaak nie, want dit lyk nie of hulle ons belange in ag neem nie. Die paar mense wat 'n werk gaan kry deur die prospektering beteken niks nie. Ja, daar is dalk 'n paar mense hier wat ten gunste van die proses mag wees aangesien daar dalk werkskepping kan wees, maar daarmee sê ek nie ons wil he die prospektering en mynbou moet voortgaan nie. Dit is 'n risiko vir ons almal.
4. Die perlemoenplaas is nou so 10 jaar al hier. Wat as die skuit breuk of begin lek en al daardie olie/ brandstof loop in die see in en beïnvloed die perlemoen en plaas? Waarnatoe gaan al die afval wat deur die skuit geproduseer word (gasse, olie, soliede afval, afvalwater, uitskot van die grondmonsters -tailings)? Ons is besig om die vissermanne se werk in gevaar te stel (te doom). Van my kant af is dit 'n 100% "nee". Hulle moet nie hier in kom nie.

en te verklaar dat hulle verslag op wetenskaplike informasie gebaseer is. Ons as omgewingskonsultante neem nie hierdie verantwoordelik ligtelik op nie en doen ons bes om die mees akkurate inligting in te samel. Die finale besluit rakende die prospekterregte lê by die DMHE en nie by die omgewingskonsultante nie.

2. Ons neem kennis van u kommentaar.
3. Ons neem kennis van u kommentaar.
4. Ons neem kennis van u kommentaar.

Daar is geen guarantee wat hulle kan gee om presies te se wat hulle tydens prospektering/ mynbou oor die volgende 20 jaar gaan doen nie of al die aktiwiteite wat hulle gaan doen nie. Die mynbou is 'n groter risiko vir die vissermanne, gemeenskap en volgende geslag as wat dit ooit 'n bate sal wees. Die mynbou gaan ons nie benefit nie. Ons soek nie geld van hulle af nie. Dankie, maar ons soek hulle nie hier nie. Gee hulle asseblief die boodskap.

Deeleneemer 4 - Stakeholder 398
Organisasie: Inwoner

Van Doringbaai, gebore in Doringbaai, wie se voorouers van Doringbaai is. Waar my history vandaan kom. Ek is 'n stamling van Doringbaai.

1. Hier was al so 'n vergadering hier gewees en hierdie is dieselfde presentation as laas.
2. Ek het gaan kyk wie Trans Atlantic Diamonds is. Daar waar hulle vandaan gekom het hulle klaar die bron uitgeput. Waar kom hierdie maatskappy vandaan? Van oorsee af dan nie? Ek sien hulle oog is op die Weskus. As dit nie die een ding is wat hulle wil myn nie is dit die ander ding. Of dit is olie. Is dit 'n BEE company? Trans Atlantic Diamonds is die Suid-Afrikaanse middelman vir oorsese mynboumaatskappye wat hier wil om myn. Die oorsese maatskappye vind BEE companies in Suid - Afrika om namens hulle aansoek te doen vir prospekter- en mynregte. Die kapitaliste wat ager die hele plan sit is oorsee se maatskappye. Hulle het een fokus en dit gaan oor kapitaal (geld).

1. Ja, hierdie is 'n soorgelyke voorlegging met dieselfde agtergrond inligting as die vorige voorlegging.
2. Hierdie is Trans Atlantic Diamonds se eerste prospekteeraansoek en hulle het nog nooit in die verlede geprospekter of gemyn nie. Die Direkteure is almal Suid-Afrikaanse burgers en hulle kantore is in die Kaap. Daar is wel ook kantore oorsee en hulle dryf handel met diamante tussen verskeie lande. Hulle is nie geassosieer met die Australiese maatskappy wat hier kom myn het nie. Ja hulle is 'n BEE company. Of hulle met 'n ander mynmaatskappy geaffilleer is moet ek met hulle bevestig.
3. Ons neem kennis van u kommentaar.
4. Ek kan nie names Trans Atlantic Diamonds antwoord nie en sal dus hierdie inligting aan hulle oordra sodat hulle tydens die amptelike vergadering vir julle 'n antwoord kan gee.
5. Studies wat die impak van mynbou op die seabodem assessee en monitor dui daarop dat die seabodem wel tot 'n mate rehabiliteer en dat die spesies wat eens daar gewoon het, weer terugkeer. Dit neem wel meer as 'n dekade vir dit om te gebeur. Die prospektering behels nie in die bedrock of harde seabodem in boor nie, maar net in die boonste grondlaag om grondmonsters te neem. As u vraag verwys na mynbou, hou asseblief in gedagte dat hierdie 'n aansoek om prospekterregte is en die antwoorde dus slegs van toepassing is op prospektering. Ons kan glad nie kommentaar lewer of antwoord op enige vrae wat te doen het met mynbou nie aangesien daar nog glad nie impakstudies vir mynbou gedoen is nie. Hierdie studies word eers gedoen nadat daar aansoek gedoen word om mynbouregte.

3. Hulle kom uit om te kom vat. Omdat hulle hierdie goed doen wat hulle doen, verhoed hulle ons om ons heritage te laat voort gaan en gaan dit heeltemal uitsterf. Oor 20 jaar is die brandstof op en dan wat gaan hulle doen? Dit is 'n aaneenlopende ding wat hier gebeur. Die mynbou gaan nooit ophou nie. My kleinkinders gaan niks oorhê van hierdie omgewing nie.
4. Die vissermanne hier is al vir 50 jaar vissermanne. Hierdie aktiwiteite gaan veroorsaak dat die vis skaarser word. Wat gaan die vissermanne doen, want visvang is al wat hulle ken? Die moontlikeheid bestaan dat die aktiwiteite dalk die kreef en visvangste negatief kan beïnvloed. Gaan hierdie maatskappy daardie persone wat daaronder lei vergoed in terme van geld en kos wat hulle verloor? Hoe gaan die maatskappy hulle akkommodeer en hulle verliese dek en vir hulle 'n inkomste voorsien?
5. As die aansoeker die seabodem begin steur kan dit nie weer na sy natuurlike toestand terugkeer nie. Dit kan nie gerehabiliteer word nie. Wat gaan julle doen daaromtrent. Hulle gaan diep binne-in die seevloer in boor.
6. U moet terug gaan na u mense toe en sê hierdie is nie 'n vergadering nie. Die gemeenskap was nie bewus van die vergadering nie. Julle moet terug gaan en dan die proses weer van voor af advertteer en die ding reg doen.

Deelnemer 5: Stakeholder 322
Organisasie: Visserman

1. Die sonars en frekwensies gaan 'n groot impak op die vis hê en die vis wegjaag. Hierdie gaan dieselfde wees as Denel waar hulle die bomme in die see getoets het. Dit het groot gevolge op die see

Hierdie mynbouregte aansoek volg eers na prospektering voltooi is sou die prospekterregte goedgekeur word. Prospektering kan enigiets van 'n jaar tot 5 jaar neem om te voltooi. Daar kan dus nie met sekerheid gesê word of en wanneer in die toekoms mynbou dalk kan geskied nie.

